# WAT VAN DIE UITVERKIESING ?

Soos gedikteer aan Bertus Hanekom deur die innerlike woord van ons Verlosser, Jesus Christus, gedurende Desember 2007 tot Januarie 2008.

# Hoofstuk 1

*17 Desember 2007 om 21h30*

Julle wil tot My spreek oor die heerlike en groot waarheid, die uitverkiesende genade van My. Elkeen wat in die Skrif glo, moet ook glo in die uitverkiesing, want die Skrif leer sonder enige twyfel dat julle in My uitverkies is voor die grondlegging van die wêreld.

Julle moet egter baie versigtig wees as julle gedagtes wissel oor dinge van die Skrif. Julle kan so maklik tot ‘n verkeerde vertolking van sekere Skrifwaarhede kom en dit dan voordra asof dit die boodskap van die Skrif is. Dit is om hierdie rede, glo Ek, dat daar soveel botsende opinies met betrekking tot die leer van die uitverkiesing bestaan. Die hele Bybel is My Woord, maar julle moet onthou: Die Bybel is geskryf in julle taal, anders sou julle My nooit verstaan het nie. Net so onmoontlik as wat dit is om al die water van die see in een beker te skep, net so onmoontlik sou dit vir julle wees om goddelike taal te begryp. In My wese en gedagtes is Ek ewig vir julle onbevatlik, want Ek is onbeperk. Julle is egter in julle kennis en gedagtes aan die beperkte onderhewig. Daarom kom Ek tot julle in beelde, gelykenisse en verduidelikings. Hierdie woorde kan egter nie aan die onbeperkte uitdrukking gee soos wat dit in die gedagtes van My bestaan nie en tog is dit ‘n troue weergawe van die waarheid en bly dit vir julle ‘n wonder. Julle moet uit die hele Skrif lewe en Skrif met Skrif vergelyk, om sodoende die volle bedoeling van die Skrif in soverre dit vir julle moontlik is, te snap. Ek herhaal: Om hierdie rede moet julle baie versigtig wees, want niemand van julle besit die volle waarheid nie.

Die woord, uitverkiesing, kan dan onmoontlik uitdrukking gee aan die hele bedoeling van die Heilige Gees. En tog is hierdie bedoeling duidelik genoeg vir julle om daaruit te verstaan wat Ek van julle verlang. Juis hier staan julle stil van verwondering

dat die sondelose Ek, wat in My wese onbeperk is, tot julle kan spreek in ‘n beperkte taal en dit sonder om te sondig, terwyl die Skrif nogtans die onfeilbare woord van My bly. Daar is veral twee vertolkings van die uitverkiesing wat deur die eeue heen die gedagtes van julle gevange geneem het.

Die eerste groep kan julle die volgelinge van die getalteorie noem. Hulle glo dat Ek aan die begin besluit het om ‘n bepaalde getal mense vir die Hemel te skep, of liewers, gebore te laat word en ‘n sekere getal vir die verderf te skep. Die wat My dan aanneem, gaan Hemel toe, en die wat verlore gaan, gaan hel toe. Hoe kan Ek bepaal dat iemand hel toe gaan, en terselfdertyd verklaar dat so iemand in die verderf is omdat hy My verwerp het? Hierdie teorie maak My tot die outeur van die sonde; dit gee aan My die skuld as jy verlore gaan, want Ek het dit so bepaal. Dit wil sê die wêreld is ‘n skaakbord, julle is die pionne daarop en Ek is die Skaakspeler. Hier het julle geen persoonlikheid nie en geen keuse nie. Jy dien My nie vrywilliglik nie, maar uit dwang.

Die uitspraak dat die Skrif sê julle is in die hel omdat jy My verwerp het, is dan bedrog. Dit maak die uitnodiging van die Evangelie tot ‘n bespotting en skilder My as ‘n wrede Tiran, wat redeloos en roekeloos die een vermoor en die ander laat lewe, en dan nog boonop lieg, en vir die wat verlore is, sê: “Julle wou My mos verwerp het.” Wat ‘n Godslasterlike vertolking van die uitverkiesing!

Die tweede groep weer is julle wat sê: Ek het julle geskape en op die aarde geplaas met alle moontlikhede om My te kies of te verwerp, dit wil sê met ‘n absolute vrye wil, die sondeval ten spyt. Die verlossing van julle hang alleen van julle self af, en Ek wag in angs en trane: “Sal julle My kies of nie?” Ek het dus nie bepaal wie verlore gaan nie, maar weet slegs omdat Ek alwetend is. Julle kan nou die genade van My verwerp of aanneem soos jy wil, My woord kan verval. Hierdie leer is uit die hel aangesteek. Dit is suiwer hoogmoed en opgeblasenheid wat hierdie selfverlossingsleer uit die Skrif probeer opbou het. Waarlik, as julle verlossing van julle self moes afhang, sou

daar van sekerheid geen sprake kon wees nie. Dan is julle nog in julle sondes.

En tog beroep albei groepe hulle op die skrif. Die eerste groep sê dat die Skrif duidelik leer: “Kan ‘n Kussiet sy vel verander, of ‘n luiperd sy vlekke? Dan sal julle ook in staat wees om goed te doen, julle wat gewoond is om kwaad te doen” (**Jeremia 13:23**). Hier word dit tog duidelik geleer dat julle uit julself niks goeds kan doen nie, julself dus ook nie kan red nie. Verder **Efesiërs 2:1** “En julle het Ek lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes.” Wat kan ‘n dooie tog doen? Niks!

Die tweede groep weer sê: As die ongeredde glad niks kan doen nie, dan kan die ongeredde ook geen verantwoordelikheid besit nie en kan van hom geen rekenskap geëis word nie. Tog leer die Skrif dat julle wel verantwoordelik gehou sal word vir jou dade. As jy aan die goddelose sê: Jy sal sekerlik sterwe – en jy waarsku hom nie en spreek nie om die goddelose van sy goddelose weg te waarsku om hom in die lewe te hou nie, dan sal hy, die goddelose, deur sy ongeregtigheid sterwe, maar sy bloed sal Ek van jou hand eis. Maar as jy die goddelose waarsku en hy hom nie van sy goddeloosheid en van sy goddelose weg bekeer nie, dan sal hy deur sy ongeregtigheid sterwe; maar jy het jou siel gered. En as die regverdige hom van sy geregtigheid afkeer en onreg doen, en Ek ‘n struikelblok voor hom gooi, dan sal hy sterwe; omdat jy hom nie gewaarsku het nie, sal hy deur sy sonde sterwe, en aan sy geregtigheid wat hy beoefen het, sal nie gedink word nie; maar sy bloed sal Ek van jou hand eis. Maar as jy die regverdige waarsku, dat die regverdige nie moet sondig nie, en hy sondig nie, dan sal hy sekerlik lewe, omdat hy hom laat waarsku het; en jy het jou siel gered. (**Eségiël 33**). Hier word die verantwoordelikheid van julle nadruklik geleer. Julle word tot rekenskap geroep. Dit is hier duidelik dat die sondaar deur sy sonde sal sterwe en nie dat hy sal sterwe omdat dit so bepaal is nie. Dit is al wat Ek nou wil sê.

Amen.

# Hoofstuk 2

*18 Desember 2007 om 00h30*

Hoe kan Ek die bloed van iemand van ‘n ander eis as Ek self dit so bepaal het dat die persoon tog verlore sal gaan? Dit skilder die lewe dan as ‘n speeltoneel, waarin Ek self die val van iemand bewerk, maar Myself tog vryspreek deur te verklaar dat so iemand deur sy eie ongeregtigheid gesterwe het. Hier sal Ek dan nie alleen die outeur van sonde wees nie, maar ook skuldig staan aan bedrog.

Verder staan daar geskrywe: “Hy wat glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in My Naam nie.” In **Johannes 3:18** staan dit tog uitdruklik dat die mens veroordeel is, nie omdat hy daarvoor bepaal is nie, maar omdat hy nie glo nie. Nou hoe kan Ek dit bepaal dat iemand nie sal glo nie, en dan daaraan toevoeg dat so iemand veroordeel is omdat jy nie geglo het nie? Dit sal daarop neerkom dat Ek hier as ‘n skynheilige geteken word.

Dis tog die hoogste mate van onsin om by ‘n lyk te staan en skreeu: “Staan op!” as die lyk nie eers lewendig gemaak is nie. Ook hierdie skynbaar logiese beswaar hou nie rekening met die Skrif nie. As Ek spreek, word die dooie lewendig (dink aan Lasarus). Wie dan die Woord van My preek, kan die dooies toeroep: “Daarom sê Ek: Ontwaak jy wat slaap en staan op uit die dode, en Ek sal oor jou skyn.” Julle voel al dadelik dat julle hier met ‘n groot probleem te doen het, en dat daar iewers fout is. Albei groepe, waar hulle mekaar beveg, kan tog nie reg wees nie, en tog beroep albei hulle op die Skrif. Vir elke kant is daar veel uit die Skrif te sê. Juis hier lê dan die vraag wat om ‘n oplossing vra. Om dan mee te begin: Beide die absolute soewereiniteit of vrymag van My en die verantwoordelikheid van julle, word in die Bybel geleer.

Wat die vrymag van My betref, lees julle in **Handelinge 13:48**: “En daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe.” En **Efesiërs 2:8**: “Want uit genade is julle gered,

deur die geloof, en dit nie uit julleself nie, dit is die gawe van My; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie." Want aan Moses sê Ek: Ek sal barmhartig wees oor wie Ek barmhartig wil wees en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm. So is Ek dan barmhartig oor wie Ek wil, en Ek verhard wie Ek wil. Hier kan dit tog nie ontken word dat die Skrif die absolute vrymag van My leer nie. Veral ook in die volgende uitspraak word dit baie sterk gestel: "Alles het Ek gemaak vir My doel, ja ook die goddelose vir die dag van onheil."

As 'n vlieg julle hinder, sal julle hom doodmaak sonder dat dit julle die minste sal hinder. En julle het minder reg op 'n vlieg as wat Ek reg het op julle. Julle het nie eers die vlieg gemaak of lewe gegee nie. Ek het julle nie alleen geskape nie, maar ook lewe en asem gegee. Sal julle dit dan waag om My te verwyt, asof julle kan besluit oor wat Ek mag en nie mag nie? Wat die verantwoordelikheid van julle betref, lees julle in die Bybel onder andere die volgende: "Ek vertraag nie die belofte soos sommige vertraging ag nie, maar Ek is lankmoedig oor julle en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat julle almal tot bekering moet kom." Julle vraag is nou: "Wie is hierdie almal? Is dit alle mense?" As dit die bedoeling is, dan is dit duidelik dat baie die wil van My weerstaan, want die Skrif sê dit baie duidelik dat nie alle mense gered sal word nie." Tog is dit uit die Skrif duidelik dat niemand My wil kan weerstaan nie. Dit wil dan voorkom asof hierdie woord "almal" nie alle mense bedoel nie, maar slegs almal wat tot die ewige lewe verordineer is.

Verder weet julle dat sommige meen dat Ek net vir sommiges gesterf het, anders sou dit beteken dat Ek dan tevergeefs gesterf het. Die Skrif is duidelik op hierdie punt dat Ek wel vir almal gesterf het: "Omdat julle van oordeel is dat, as een vir almal gesterf het, hulle dan almal gesterf het; en Ek het vir almal gesterwe. Op 'n ander plek staan dit weer geskryf asof julle die genade van My kan verwerp: "Maar daar was ook valse profete onder die volk, net soos daar onder julle valse leraars sal wees wat verderflike ketterye heimlik sal invoer, en ook Ek wat

hulle gekoop het, verloën en ‘n vinnige verderf oor hulleself bring.” Dit wil sê dat hierdie koop vir hulle dan tevergeefs was.

Ek sê weer aan julle, wees lief vir My.

Amen.

# Hoofstuk 3

*18 Desember 2007 om 02h30*

Daarom dan, net soos dit deur een misdaad vir alle mense tot veroordeling gekom het, so ook is dit deur een vryspraak vir alle mense tot regverdigmaking van die lewe. Hier kan geen twyfel bestaan dat hier van alle mense, hetsy van veroordeling of van vryspraak, sprake is nie. Omdat die Skrif dit elders duidelik sê dat nie alle mense gered sal word nie, is die oplossing dat daar ten minste vir elkeen ‘n kans is om gered te word. Hoe sal julle ontvlug as julle so ‘n groot saligheid verontagsaam?

Tog stel die Skrif dit so in **1 Petrus 2:8** dat julle wat julle teen die steen stamp, dit doen omdat julle aan die Woord ongehoorsaam is. Die Skrif voeg daaraan toe: “Waarvoor julle ook bestem is.” En dit is waar. Maar dan weer waar omdat Ek enig en onveranderlik is en bly. So is dit dan ook bestem dat julle wat nie glo nie, julle teen die steen sal stamp. Die uitnodiging kom egter tot julle almal. Hoe kan Ek die persoon uitnooi wat Ek bepaal het om verlore te wees en wat Ek gemaak het om die uitnodiging te weier, en dan nog daaraan toevoeg dat so iemand verlore is omdat hy die uitnodiging geweier het? Dit is mos om aan My bedrog en skynheiligheid toe te skrywe, al wil julle met so ‘n standpunt dit ontken. Die logiese konsekwensie van so ‘n standpunt bly ‘n beskuldiging teen My – asof dit My skuld is. Nee, weg met sulke duiwelse verdraaiing van die Skrif!

Die waarheid is dat daar vir albei kante Skrifgetuienis is; die absolute vrymag van My, sowel as die verantwoordelikheid van julle. Wie die een kant ten koste van die ander beklemtoon, verval in ‘n dwaling – nie een is reg nie.

As iemand sou sê: Dit hang van My af of ‘n mens gered sal word, dan is hy reg. As iemand egter sou sê: Dit hang van die mens af of hy gered sal word, dan is hy ook reg. Maar beide is alleen reg as die een die waarheid wat die ander het, nie mis-

ken nie, en mits hulle nie daarmee bedoel dat Ek en die mens gesamentlik vir die redding van die mens verantwoordelik is nie. Dit sal ‘n miskenning van beide die absolute vrymag van My en die verantwoordelikheid van die mens beteken. Die absolute vrymag van My en die verantwoordelikheid van die mens ontmoet in die ewigheid. As hiermee egter bedoel word die Ewige Raad van My, dan voel julle die gedagte is op die regte spoor, want juis dan kom julle by die inhoud of uitdrukking van die liefde van My, naamlik Ek self.

Die uitverkiesing kom dus met die onvoorwaardelike eis: “Maar beklee julle met My.” Dit roep tot geloof en bekering. Die uitnodiging van die Evangelie, dit wil sê die prediking van geloof en bekering is die wyse waarop die uitverkiesende genade van My tot die gevalle mens kom. Vandaar dan ook dat Petrus skrywe: “Daarom, broeders, moet julle jul des te meer beywer om julle roeping en verkiesing vas te maak; want as julle dit doen, sal julle nooit struikel nie. Want so sal ryklik aan julle verleen word die ingang in die ewige koninkryk van julle Vader en Saligmaker.” Hy wat dus nie geloof en bekering preek nie, preek nie uitverkiesing nie. Hy wat die hoorder nie oproep om tot ‘n daadwerklike geloofbeslissing te kom, en My as Verlosser aan te neem nie, verstaan die uitverkiesing nie. Geloof en bekering is die noodwendige uitvloeisel van hierdie heerlike goddelike waarheid; die wyse waarop die Raad van My in die mens ‘n heerlike werklikheid word.

Wie die weg tot saligheid aan die hoorder verduidelik. Hy verklaar die Skrifte, en bring die blye boodskap dat Ek julle uitverkies het. Daarom moet julle, julle met My beklee. Die uitverkiesing roep die mens tot ‘n definitiewe beslissing: Neem My aan! Om hierdie rede het niemand wat nog nie tot bekering gekom het nie, die reg om hom op die uitverkiesende genade van My te beroep asof dit reeds sy eiendom is nie, maar vir jou redding staan hierdie hemelse waarheid nooit los van die volgende nie; julle moet julle ook met My versoen. Ek roep, maar julle moet antwoord; Ek gee, maar julle moet neem.

Amen.

# Hoofstuk 4

*19 Desember 2007 om 01h18*

Nou word daar deur sekere persone verwyte geslinger, asof hulle wat bekering preek en die mense beweeg tot oorgawe en aanname van My, geesdrywers en Metodiste is. Wel, as dit geesdrywery en Metodisties is om iemand te wil bekeer, dan wil Ek dat julle Metodiste en geesdrywers moet wees. Weg dan met hierdie leuen. Wee die gerustes op Sion wat roep: Vrede! vrede! terwyl daar geen vrede is nie; wat die mens passief wil maak asof die mens niks aan sy saligheid kan doen nie; wat mense beweeg om met gevoude hande alles van My te verwag; wat mense daartoe bring om te redeneer; wel, as ek uitverkies is, dan kan ek maar lewe soos ek wil, ek sal hemel toe gaan, en as ek nie uitverkies is nie, dan kan ek maar maak wat ek wil, ek sal tog verlore gaan. Ja, hoe baie mense het nie al deur hierdie leuen in valse gerustheid, sonde of in ‘n donker nag van onsekerheid en verwarring verval nie?

Veronderstel Ek kom by een van julle en vra of jy My al as jou Verlosser aangeneem het. Jy sê: “Nee.” Nou kan Ek vir jou sê: “Voor die grondlegging van die wêreld is jy opgeskryf vir die hel.” Waarom? Omdat die Raad van My bestaan voor die grondlegging van die wêreld, en omdat die inhoud van hierdie Raad dus reeds voor die grondlegging van die wêreld bepaal het dat jy alleen in My uitverkies is en jy wat My nog nie aangeneem het nie, nog nie in My is nie, maar buite My. In hierdie lig is jou toestand voor die grondlegging van die wêreld reeds ‘n voldonge feit.

Veronderstel nou jy sou na iemand anders gaan en jou nood gaan kla oor wat Ek gesê het, en die persoon raai jou aan om My as jou Verlosser aan te neem. Jy maak beswaar en sê: “Hoe kan jy dan vir My aanneem as jou Verlosser as jy reeds voor die grondlegging van die wêreld veroordeel is?” Hy sê vir jou: “Afgesien daarvan, die Skrif nooi almal om te kom, en leer dat almal wat My aangeneem het, kinders van My word. Die

woord ‘almal’ sluit ook vir jou in, en Ek sal die wat na My toe kom, nooit uitwerp nie.

Jy neem dan ook vir My aan as jou Verlosser. Nou vra Ek jou weer die vraag: “Het jy al vir My as jou verlosser aangeneem?” en jy antwoord bevestigend; dan sal Ek vir jou sê: “Voor die grondlegging van die wêreld is jy opgeskryf vir die Hemel.” Het Ek dan van opinie verander? Nee! Ek het nie verander of teruggetrek wat Ek gesê het nie, maar jy het verander.

Net so het Ek kindskap belowe aan almal wat My aanneem. Die wat uit My gebore is, die neem Ek aan.

Amen.

# Hoofstuk 5

*19 Desember 2007 om 02h00*

In die mense se verhouding met My het daar kwaaivriendskap ontwikkel. Julle het alle reëls van vertroue verbreek en die skuld keer op keer vir My gegee. Toe kom maak Ek vrede met julle. Ek neem die inisiatief en kom sluit vrede. Ek bring toe sommer die vredesoffer saam en versoen julle met My. Ek word die soenoffer waarmee julle met My versoen is. Skuldenaars – maar kwytgeskeld. Julle het ook gesê dat julle kinders en erfgename is. Julle was ver van My – vreemdelinge – en toe kom maak Ek julle My kinders. Julle het in vyandskap met My gelewe en Ek het kom vrede maak. Julle was slawe, maar nou vrygekoop tot dankbare diens.

Aan die Efesiërs skryf Paulus dat julle in My geseën is met al die seëninge wat daar in die hemel is. En dit is voorwaar so. Julle redding is die allerbelangrikste gawe uit My hand.

Julle is uitverkies op grond van My liefde. Julle vryspraak, aanneming tot kinders – julle ganse redding, is gebou en staan verseker vas op die feit dat Ek julle uit vrye genade gered het. Ek het verkies om julle lief te hê, daarom hierdie hemelse weldaad aan julle. Julle is verlos, vrygekoop tot heilige en onberispelike diens aan My. Noudat julle nie meer slawe van sonde is nie, is julle afgesonder tot denkbare toewyding aan My.

Julle is gered tot eer van My.

Amen.

# Hoofstuk 6

*19 Desember 2007 om 22h20*

Om die saak van die verlossing en verwerping nog duideliker te stel, die volgende: Veronderstel jy het 'n ongeneeslike kwaal. 'n Ongeneeslike kwaal is 'n siekte wat, ten spyte van alle pogings in hierdie verband, nie genees kan word nie. 'n Vreemdeling bring aan jou 'n besoek en verseker jou dat jou siekte nie ongeneeslik is nie en dat hy medisyne besit wat jou gesond kan maak. Hy verseker jou verder dat alle ander persone met soortgelyke siektes wat die medisyne gebruik, genees is. Veronderstel jy kon werklik deur daardie middel gesond word, maar om een of ander rede weier jy om die medisyne te drink. Na 'n rukkie sterf jy as gevolg van hierdie siekte. Nou is die vraag: Waarom het jy aan hierdie siekte gesterf? Jy het gesterf omdat jy hierdie siekte gehad het, of jy het gesterf omdat jy die medisyne wat jou gesond kon maak, nie gedrink het nie.

Net so: Julle ly almal geestelik aan so 'n siekte wat ongeneeslik is. Niks kan julle van julle sondes genees nie. Hoe meer julle probeer, hoe erger word julle. En tog is hierdie siekte nie ongeneeslik nie. Daar is medisyne wat dit kan genees; ja, almal van julle wat dit drink word genees. Hierdie medisyne is Ek, julle hemelse Vader, wat aan julle almal aangebied word. Baie wil dit ook om een of ander rede nie drink nie en sterwe as sondaars sonder hoop en sonder My, dit wil sê sonder dat julle geestelik gesond word. Nou waarom het julle so gesterwe? Is dit omdat julle hierdie geestelike kwaal gehad het, of is dit omdat julle die medisyne wat julle kon genees het, nie gedrink het nie? Kyk, die antwoord is ewe duidelik; ja Ek sê: "Die antwoord is ewe duidelik." Dit is omdat julle die medisyne naamlik Ek, julle Vader, verwerp het. Dus, julle mag almal My aanneem.

Voorwaar, as jy My aanneem as jou Verlosser en jy antwoord bevestigend, dan sal Ek vir jou sê: "Voor die grondlegging van

die wêreld is jy opgeskryf vir die hemel." Het Ek dan van opinie verander? Nee, Ek het nie, maar jy het verander. Kom, Ek sal aan julle verduidelik, Ek stuur vir Jona, die profeet na Ninevé met die boodskap: "Nog veertig dae dan word Ninevé verwoes." Julle ken die verhaal, hoedat die hele stad hul in sak en as voor My verootmoedig het, en hoedat Ek die stad gespaar het. Was dit die waarheid wat Jona gespreek het? Ja, dit was! Kan Ek mense dan bedrieg? Dit tog nie. Het Ek dan verander? Nee, Ek is die onveranderlike. Waarom het Ek dan Ninevé gespaar, en hoe kan Ek, as Ek die Onveranderlike is? Omdat Ninevé verander het en nie Ek nie. En juis omdat Ek onveranderlik is, kan Ek nie anders as om Ninevé te spaar nie. Die Ninevé oor wie die oordeel uitgespreek is, het nie meer bestaan nie. Deur hulle verootmoediging en bekering het Ninevé nuut geword. Net so, jy in hierdie geval, van wie Ek gesê het dat jy voor die grondlegging van die wêreld vir die hel opgeskryf is, bestaan nie meer nie. Deur jou bekering het jy 'n nuwe mens geword. En hierdie nuwe mens is van voor die grondlegging van die wêreld in My uitverkies.

# Hoofstuk 7

*19 Desember 2007 om 23h20*

Dink hieroor, Ek nooi jou.

My, skryfkneg, Ek kan sien dat jy dink vanaand baie oor jou bekering, en dat jy ook die mooi getuienis vir jou ander broers oordra. Omdat daar so baie van die bekering geskrywe staan in die voorafgegaande hoofstukke, wil Ek vir die wat nog nie verstaan nie, weer vertel waaroor die bekering gaan en wat dit alles behels.

Ja, dit is so dat bekering een van die sentrale temas van die evangelie is. Bekering beteken om, om te draai op ‘n verkeerde pad. Dit beteken om in ‘n nuwe rigting te lewe – om vanuit ander oorweginge as voorheen nou nuut te begin lewe. Kyk uit Openbaringe kom die oproep tot bekering. Die gelowiges word geroep om na My stem te luister.

Julle word opgeroep om weer te doen wat julle aan die begin gedoen het. Dit is om te doen wat julle gedoen het toe julle gelowiges geword het en die oorspronklike toewyding weer beoefen. Weet jy, dit is seker die grootste strik waarin enige gelowige kan trap: Om in sy toewyding te verflou as daar teenspoed kom.

Bekering beteken om weer in ‘n gloeiende toewyding jou lewe aan My te wy – om weer so opgewonde soos ‘n kind te word oor My liefde vir jou. Die gelowiges moet luister as Ek praat, want Ek is die een met die tweesnydende swaard. Ja, Ek kan jou in My oordeel tref.

Julle moet ook luister, omdat Ek julle steeds nooi om na My te kom. Ja, die sondaar word liefdevol genooi om jou te bekeer, neem My aan as jou Verlosser, en jy sal rus vind by My. Ek sal jou lewe neem en dit rig tot My eer. Ja, dink hieroor, Ek nooi jou.

Amen.

# Hoofstuk 8

*20 Desember 2007 om 21h30*

Dit is ook nie so dat elke individu sowel uitverkies as verlore is nie. So maklik en eenvoudig is die saak nie. Die oplossing van hierdie probleem lê nie in die mens alleen aan wie hierdeur beskikkingsreg toegesê sou word nie. Die probleem begin dus nie by die mens tot by My nie, maar veeleer van My tot die mens. Dit sal die probleem van die uitverkiesing slegs teruglei tot die vooruit gesiene geloof of alwetendheid van My, en dit weer miskien die absolute vrymag van My, en maak die mens sy eie verlosser.

Om dit beter te begryp, moet julle begrip van My en van die mens verlig word. Julle idee van My moet suiwer wees. Baie van julle dink aan My as iemand baie ver terug. Paulus sê: "Sodat julle My kon soek of julle My miskien kon aanraak en vind, al is Ek nie ver van elkeen van julle nie; want in My lewe julle, beweeg julle, en is julle." Kyk 'n Straatprediker het by geleentheid uitgeroep: "Mense, julle soek God asof Hy baie ver is, maar ek sê vir julle, God is nader aan julle as jul asem!"

Ek is louter aksie, Ek is louter teenwoordige tyd. Al is Ek sonder begin en sonder einde, en al bestaan My Raad van alle ewigheid af, nogtans tree Ek steeds op in die teenwoordige tyd, met ander woorde al red Ek in die teenwoordige tyd, nogtans is dit 'n ewige handeling, omdat Ek onveranderlik is en omdat Ek ewig is. Daar was byvoorbeeld nie 'n tyd toe die skepping van die aarde nie in My Raad bestaan het nie, en tog het die skepping van die aarde 'n begin gehad. Al is dit dan 'n ewige handeling, kan daar tog nie van 'n ewige skepping gepraat word nie. Net so, al is julle redding 'n ewige handeling, kan julle tog nie praat van 'n ewige verlossing nie. Die woorde van **Efesiërs 1:4** kan dan alleen beteken dat die verlossing van die mens van alle ewigheid af in My Raad opgesluit is, maar dat dit in die teenwoordige tyd in die mens bewerk word.

Julle sal ook lees in **Exodus 3:14** wat Ek aan Moses gesê het toe Ek hom na Egipte gestuur het om Israel te verlos. Moses het gevra hoe hy Farao moes antwoord as die vir hom sou vra wie dit is wat hom gestuur het? en Ek het geantwoord: “EK IS WAT EK IS.” Moses moes sê: “EK IS het my .. gestuur.”

Ek sal weer met julle aansluit in My volgende hoofstuk.

Amen.

# Hoofstuk 9

*21 Desember 2007 om 00h30*

Voordat Ek verder gaan en aansluit by die vorige hoofstuk, wil Ek net terugkom na wat Ek gesê het in verband met die aanname van My. Veronderstel Ek sou aan julle almal 'n aanbod of belofte maak en sê: "Ek gee aan julle almal verlof om 'n sekere ding te doen – vir elkeen wat 'n verlofbrief kom haal." Mag Ek die beloofde brief dan vir enigeen wat dit kom haal, weier? Nee, dan sal Ek 'n leuenaar wees. Net so het Ek kindskap belowe aan almal wat My aanneem. Julle mag egter hier nie **Johannes 1:13** uit die oog verloor nie: Die wat uit My gebore is, die neem Ek aan. Dan tog, vra julle: Mag Ek dit aan enigeen van julle wat My aanneem, weier? Nee, dan is Ek 'n leuenaar, en wie sal My hiervan beskuldig?

Ek kan julle dan vergelyk met 'n persoon na wie julle op pad is. Solank as wat julle nog nie by My is nie, is julle verlore – van alle ewigheid af verlore – omdat julle dan nog buite My is en My nog nie aangeneem het as jou persoonlike Verlosser nie. Julle is dus van alle ewigheid af buite My verdoem, net soos julle van alle ewigheid af in My uitverkies is. Die moment dat julle by My kom, My vind as julle Verlosser, dan is julle nou van alle ewigheid af gered of uitverkies, omdat julle nou in My gekom het in wie julle van alle ewigheid af uitverkies is, dit wil sê: Ek is die voorwerp van My uitverkiesende liefde en so ook almal wat in My kom. Hierdie ewige waarheid en werklikheid in My word dus die teenwoordige tyd deur My en dit weer wanneer die sondaar My as jou Verlosser aanneem.

Dit is ook so dat Ek, nog voordat die kinders gebore was, vir Jakob liefgehad en vir Esau gehaat het, en dit omdat Ek van alle ewigheid bestaan, en so ook hierdie ewige Raad, en omdat Ek nie kan verander nie. Omdat Ek louter aksie is, tree Ek op in die teenwoordige tyd, maar omdat Ek ewig is, staan My werke van voor die grondlegging van die wêreld af onveranderlik vas. Hierdie haat teen die "buite Ek" het nie maar gekom

eers toe die mens die genade van My verwerp het nie, maar was daar nog voor die mens gebore was, en net so ook is dit met die liefde van My vir die wat in My kom; voordat hulle gebore is, het Ek hulle liefgehad. Daar is dus ‘n moment in die lewe van die mens dat hy ongered is, en die volgende moment kan hy gered wees – tot in ewigheid gered. By die mens is daar hierdie verandering, maar nie by My nie.

Dink altyddeur aan My.

Amen.

# Hoofstuk 10

*22 Desember 2007 om 00h30*

Ek het jou eerste liefgehad. Ek het nie gewag om te kyk wat jy maak nie, Ek het jou uitverkies, nie julle vir My nie. Ek het julle kom soek. Ek het nie êrens weggekruip totdat julle My eendag gekry het nie. Ek het ook nie soos ‘n neutrale skeidsregter na ‘n kragmeting op lewe en dood die wenners en die wat geslaag het, aangewys nie. Voor die wedstryd nog begin het, het Ek al kant gekies – julle kant. Ek het julle uitverkies. Ek het dit nou wel ‘n bietjie makliker gemaak deur op die kruis te sterf, maar nou moet julle, julle kant ook bring.

Ja, die beste mens om die uitverkiesing voor te verduidelik is die mens wat in die modder lê, wat handdoek ingegooi het, die man wat geen pretensie meer het nie, wat erken dat hy ‘n slaaf van die sonde is, die mens wat weet dat hy skuldig staan voor My en mense sodat hy hulle nie meer in die oë kan kyk nie. Na sulke mense gaan julle met die evangelie van die uitverkiesing. Julle gaan nie met die dreigende boodskap dat hulle nou sal moet opstaan, anders gaan hulle hel toe nie. Julle gaan met die byna ongelooflike boodskap dat Ek sondaars liefgehad het toe hulle nog sondaars was. Dat Ek vergifnis skenk, gratis en verniet, dat die prys al eeue gelede betaal is, dat hierdie liefde van My so oorweldigend eensydig is dat julle sou kon sê dat Ek julle al liefgehad het voor Ek nog die aarde geskape het.

En as julle hierdie woorde van My hoor, en jy dit glo, dan staan jy op. Dan word jy ‘n ander mens, ‘n nuwe mens. En jy word ‘n mens wat nooit kan ophou dink oor die wonder dat Ek jou begenadig het nie. Ja, dat Ek alles gedoen het, hoef nie afgelei te word van ‘n paar verspreide teksies nie. Nee, dis die boodskap van die hele Bybel. Kyk, Ek het profete na julle gestuur met My verlossende woorde. Ek het met My Gees in die harte van mense ingegaan. Die Ek-met-julle het Ek-in-julle geword. Ek het die klipharde dom harte uitgehaal en dit vervang met

sagte harte van vlees. So het Ek die mense oplaas gemaak glo. Ek doen dit vandag nog met My Gees en My Woord.

So is die uitverkiesing ‘n evangelie, ‘n boodskap van blydskap waarmee ‘n mens na mense toe kan hardloop. Ek, julle Vader, is ‘n Vader van liefde. Staan op! Begin ‘n nuwe lewe.

Ek het jou lief, daarom is jy veilig vir tyd en ewigheid.

Amen.

# Hoofstuk 11

*04 Januarie 2008 om 23h00*

Die boodskap van die uitverkiesing is dus ‘n sterk evangeliese uitnodiging, ja ‘n uitdaging. Is jy al beklee met My. Kyk, Ek het van Saggéüs gesê: “Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom ...” Dit is tog duidelik: Gister was Saggéüs nog ongered, was hy nog verlore, nog buite My. Gister kon daar nog van Saggéüs gesê word: “Jy is verlore, voor die grondlegging van die wêreld is jy vir verdoemenis opgeskryf, jy is nog sonder hoop en sonder My in die wêreld, jy is nog buite My. Maar vandag is dit anders. Saggéüs het verander, hy het My gevind, hy het redding gevind. Die ou Saggéüs is dood. Hy het ‘n nuwe skepsel geword en van hierdie Saggéüs staan daar geskrywe: “Voor die grondlegging van die wêreld is jy vir die Hemel opgeskryf. ‘n Uitverkorene dus, wat die genade nie kan verloor nie. Juis daarom was die ontmoeting tussen My en Saggéüs nie maar toevallig nie. Die ewige Raad is in die teenswoordige tyd vervul.

Het jy al vir My aangeneem as jou Verlosser? Is jy al in My? Laat jou met My versoen! Dit is die blye boodskap: Ek het My Seun gegee, “en Ek is ‘n versoening vir jou sondes, en nie alleen vir joune nie, maar ook vir die hele wêreld.” Neem dit aan, neem My aan. O sondaar, neem dit aan!

Ja, jy sal sê: “Beteken dit nie dat alleen die aan wie Ek genade gee, My sal aanneem nie?” O, ja dit beteken dit. Maar hoe sal jy weet dat Ek aan jou die genade sal gee of gegee het om My aan te neem? Mens, wie het jou betower om die leuen te glo? Wie het jou betower om te weier wat Ek jou aanbied? Elke dag van jou lewe sit jy aan tafel en eet jy die voedsel wat aan jou voorgesit word. Niemand kan dit ontken dat dit alleen van die genade van My afhang of jy die krag sal besit om die voedsel na jou mond te bring nie. Maar nog nooit het jy gaan sit en geweier om te eet met die verskoning: “Hoe sal jy weet of Ek jou die genade sal gee om jou hande op te tel om te eet?” nie.

Nee, jy het gaan eet sonder om aan so-iets te dink. Nou bied Ek jou My eie Seun aan, en ewe skielik sit jy met gevoude hande en redeneer: “Hoe sal jy weet of Ek jou die genade sal gee om My aan te neem?” Weg met hierdie leuen van die duiwel! ... Vlug dan na My, o sondaar, vlug nou! Wie van julle het al ooit so geredeneer toe iemand jou ‘n geskenk aangebied het? Jy het spontaan die hand uitgesteek en dit geneem. Het Ek dan nie ook hier vir jou die genade gegee om dit te neem nie? En nou kom Ek met ‘n hemelse geskenk, die onuitspreeklike Gawe van My, My eie Seun; en daar is nie die spontane aanname en dankbaarheid by jou om My aan te neem nie. Jy redeneer daarenteen en sê: “Hoe sal jy weet of Ek jou die genade sal gee om My aan te neem?” Is dit nie die duiwel wat jou oë verblind het om nie die waarheid te sien nie?

Laat daar nou eers afgesluit word. Neem My aan en wees lief vir My.

Amen.

# Hoofstuk 12

*06 Januarie 2008 om 03h00*

Ek herhaal: “Die uitverkiesing roep die mens tot definitiewe beslissing.” Neem My aan! Om hierdie rede het niemand, wat nog nie tot bekering gekom het nie, die reg om hom op die uitverkiesende genade van My te beroep asof dit reeds sy eiendom is nie.

Hierdie voorafgaande woord bring sy probleme, want die Skrif is elders baie duidelik wat hierdie punt betref: “Want dit is goed en aangenaam voor My, julle Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word, en tot kennis van die waarheid kom.” Die woorde wat hier gebruik word, kan tog niemand uitsluit nie. Ook word dit op ‘n ander plek in die Skrifte so gestel asof die mense tog My wil kan weerstaan. Hoe dikwels wou Ek My kinders bymekaar maak net soos ‘n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaar maak en julle wou nie. Die woorde: “Ek wou”, en dan weer: “Julle wou nie”, spreek vir sigself.

Julle wil vir My sê met alle erns tot beskikking: Die van julle wat My nog nie as jou Verlosser aangeneem het nie; maar die van julle wat My reeds gekies het as jou Verlosser en Vader, vir julle wil Ek die blye boodskap bring van My uitverkiesende liefde. Salig is die wat in My sterwe. Sekerlik, julle sal tel onder die uitverkorenes van My, julle sal die kroon van die lewe ontvang, want niks sal julle skei van My liefde nie.

My woorde is waar en gewis, ja, dink daaroor; My woorde is waar!

Amen.

# Hoofstuk 13

*07 Januarie 2008 om 22h00*

Soos Ek julle in My uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor My in liefde te wees, deurdat Ek julle voorbeskik het om julle as My kinders vir Myself aan te neem deur die Messias, na die welbehae van My wil, tot lof van die heerlikheid van My genade waarmee Ek julle begenadig het in My, julle Geliefde. Waar Ek ook gesê het: "En Ek gee julle die ewige lewe, en julle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal julle uit My hand ruk nie." Julle sekerheid is gegrond op My Woord. Ek het gespreek en dit is so. Julle sal nie vrees nie, maar vertrou.

Niemand sal my ooit kan verwyt voordat jy die aanbod van My aanvaar het nie. Niemand wat nou hier lees sal eendag die verskoning kan hê dat jy nie geweet het nie. Kyk, hoe dringend kom My uitnodiging nie tot julle nie. O, almal wat dors het, kom na die waters en wie geen geld het nie, kom! koop en eet; ja kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk ... Neig julle oor en kom na My toe, luister en julle siel sal lewe.

Hoe dit egter ookal sy: Die verkondiging van die evangelie, en die oproep tot bekering, die verduideliking van die weg tot saligheid, die persoonlike beslissing, die boodskapper, alles is ingesluit in die groot en wonderlike plan van My. En dit is vandag My heerlike taak om jou toe te roep: Ek het jou uitverkies in My voor die grondlegging van die wêreld! Neem My aan! Ja, versoen jou met My! Ek skenk jou My genade; Ek sterk jou daartoe.

Amen.

# Hoofstuk 14

*09 Januarie 2008 om 22h00*

Kyk, Ek sê: “My genade en liefde sal in oorvloed op My uitverkorenes neerdaal. Jy moet My, Elohim, met alles en jou hele lewe vertrou. Wanneer julle, julle geheel en al aan My oorgee, ontdek julle Ek is nie ‘n tiran nie, maar ‘n Verlosser; Ek is nie ‘n baas nie, maar ‘n Vader; nie ‘n diktator nie, maar ‘n Vriend. ‘n Oorgawe aan My is geen passiewe gelatenheid, fatalisme of ‘n verskoning vir luiheid nie. Dit beteken juis die teenoorgestelde: Jy offer jou lewe op, of ly om te verander wat verander moet word. Ek, Elohim, vra mense wat hulle oorgegee het, dikwels om die strydperk namens My te betree. Oorgawe is nie vir lafaards of deurmatte nie.”

Ek het julle gered en julle geroep om aan My toegewy te wees. Dit het Ek gedoen, nie op grond van julle dade nie, maar op grond van My besluit en die genade wat Ek van ewigheid af in My aan julle geskenk het. “Julle is ‘n uitverkore volk ... wat die verlossingsdade moet verkondig van My wat julle ... geroep het ..” Wanneer jy ook al jou Godgegewe vermoëns gebruik om ander mense te help, vervul jy jou roeping. Julle behoort nou aan My wat uit die dood opgewek is. Daarom moet julle nou ‘n vrugbare lewe lei in diens van My, Elohim.

Vandag nooi Ek jou om aan die grootste, uiteenlopendste, belangrikste saak in die geskiedenis deel te hê, naamlik My Koninkryk. Ek is die geskiedenis. Ek bou My familie vir die ewigheid op. Niks is belangriker nie, en niks sal so lank hou nie. Uit die Openbaring weet julle dat My globale missie voltooi sal word. Eendag gaan die geskiedenis eindig, maar die ewigheid sal altyd bly bestaan. Kyk, die toekoms is so blink soos My beloftes. Onthou net jou beloning, wat vir ewig gaan hou.

Amen.

# Hoofstuk 15

*09 Januarie 2008 om 22h20*

Om kind te wees in ‘n huis hou baie voorregte in. Julle kan met julle ouers praat net wanneer julle wil. Jy kan van enigiets neem om te eet of te gebruik. En as iemand jou wil kwaad aandoen, hoef jy net vir Pa te sê – hy sal jou saak verdedig. Om kind te wees om in ‘n spesiale verhouding met ouers te lewe – dit beteken vertroue, beskerming en standvastigheid.

Julle is vrygespreek, omdat julle skuld vir julle vergewe is. Hier gaan dit oor kindskap. Julle is nie van nature kinders van My nie. Nee, van nature is julle kinders van die verdoemenis. Maar Ek, Elohim, kom neem julle aan en maak julle My kinders. ‘n Kinderlose egpaar wil graag ‘n kindjie hê en nou neem hulle een aan. Al is hulle nie die biologiese ouers nie, maak hulle die kind groot en behandel hulle hom asof hy hulle eie kind is.

So ook met julle verlossing. Julle is mense wat elkeen afgedwaal het, nie een van julle het na My gesoek nie. En toe kom Ek en neem jou aan as Myne. Vir hulle wat niemand het om mee te praat nie, word Ek “julle Vader”. Van die wet wat verplig en verdoem, red Ek julle om erfgename te wees van My ewige heerlikheid. Om kind van My genoem te word, is die hoogste eer en die rykste gawe van My genade.

Laat jou verlossing ook vir jou kindskap beteken.

Amen.

# Hoofstuk 16

*10 Januarie 2008 om 11h00*

My volk is Israel. Ek, JaHWeH, is die Elohim van Israel. Kyk al die verbonde in die Skrif is met Israel gesluit. Ja al die beloftes in die Skrif is aan My volk Israel gegee. Daar staan geskrywe: “Want jy is ‘n volk heilig aan JaHWeH, jou Elohim: Vir jou het JaHWeH uitverkies om uit al die volke wat op aarde is, Sy eiendomsvolk te wees ... Julle alleen het Ek geken uit al die geslagte van die aarde ...” Ek JaHWeH het Israel uit al die volke van die aarde uitverkies om my eiendomsvolk te wees. Ek maak Israel ‘n seën op aarde vir die verlede, hede en toekoms.

Uitverkiesing in die Skrif het te doen met die uitverkiesing van ‘n volk, en Israel is My, Elohim, se uitverkorenes. Dit is die uitverkorenes wat tot bekering moet kom. Ek het ‘n welgevalle aan julle gehad en julle uitverkies, nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke. Ja, die feit bly staan dat die uitverkorenes se name reeds van voor die grondlegging van die wêreld in die Boek van die Lewe geskryf is. Wanneer die uitverkorenes hulle nie bekeer as Ek hulle roep nie, of na herhaalde waarskuwings en uitnodigings nog volhard in hulle sonde, dan word hulle name uit die Boek van die Lewe uitgehaal. Julle uitverkorenes van My, Elohim, is die openbaring van My onveranderlike groot genade; as julle wat geroep is, My glo, sal julle gered word. Ja, jy wat jou egter verhard en op jou eie werke wil vertrou, jy bly verlore. Daar is baie geroepenes, maar dit, die uitverkiesing, is beperk net tot My volk.

Die dae gaan kort raak en terwille van die uitverkorenes sal hulle versamel word. So spreek Ek, Elohim, oor My volk. Neem My aan en bekeer jou!

Amen.

# Hoofstuk 17

*10 Januarie 2008 om 22h20*

Ja, kyk, Ek gaan weer my volk herstel. Ek herhaal weer; Ek, JaHWeH, het Israel uit al die volke van die aarde uitverkies om My eiendomsvolk te wees. Hulle sal die Blye Boodskap verkondig, julle is kinders van die lewende Elohim, ja, julle is My koninkryksvolk, ‘n aparte volk. Aan My koninkryk sal daar geen einde wees nie.

Maar julle is ‘n uitverkore volk en geslag, ‘n koninklike priesterdom, ‘n heilige volk, ‘n volk as eiendom verkry. Kyk, My volk beklee ‘n sentrale plek in die visie van die profete aangaande die eindtyd en die raadsplan van My. Iemand wat dit nie verstaan, of wil verstaan nie, sal nie die profete, of die Woord verstaan nie. Raak My gesalfdes nie aan nie en doen My profete geen kwaad nie. Kyk, daar staan geskrywe: “My volk ... My uitverkorenes sal die werk van hulle hande self geniet ... want hulle is deur My geseën.” My volk is deur My geroep en toegerus met die Heilige Gees vir hulle taak op aarde. Ja, julle is my getuies en My kneg wat Ek uitverkies het.

Julle moet in hierdie dae bid. Ek stort My Gees weer oor julle uit! Hoe nodig het julle dit nie. In die koninkryk van My gaan julle ‘n volle manifestasie hiervan sien wanneer julle saam met My oor die aarde en sy volke sal regeer. Ja, elke belofte van My is vervul in julle, naamlik die ware volk en My – knegte van die Allerhoogste. So spreek Ek, julle Elohim, deur My profete. Wees lief vir My, julle hemelse Vader en Meester.

Amen.

# Hoofstuk 18

*12 Januarie 2008 om 23h55*

Daar is ongelukkig baie mense wat hulleself die voorreg van ‘n Christusvervulde lewe ontsê, omdat hulle oortuig is dat hulle dit nie waardig is nie. As gevolg van iets wat hulle gesê of gedoen het, omdat hulle in die verlede met tye teruggesak het in hulle geloofslewe, beweer hulle dat hulle net nie na My kan draai vir hulp nie. Gevolglik roof hulle hulself van die grootste gawe van My aan die mensdom: Elohim se liefde. Die heel grootste wonder van die Christelike geloof is dat, afgesien van wat jy gedoen of gesê het, Ek jou uitverkies het om My eiendom te wees. Niks anders het jou hiervoor laat kwalifiseer nie, as net die feit dat jy My, Jahshua Messias, glo. My liefde kan nie verdien word nie en niks wat jy doen, kan jou dit waardig maak nie. Dit is alleenlik My geskenk aan jou uit vrye genade.

As jy probleme ondervind om hierdie heilsfeit te verstaan, of te aanvaar, dink net terug aan die kruisiging van My, julle Heiland. ‘n Dief wat ‘n lewe van wetteloosheid en sonde geleef het, is saam met My gekruisig en op die laaste draai hy na My toe om genade. Hy word aanvaar en verseker dat hy met My in die paradys sal wees. Afgesien van wie jy is en wat jou verlede behels, My liefde is ‘n geskenk aan jou, as jy My net as jou Verlosser sal aanvaar.

Die pad na verlossing is nie om uit te stel nie, maar om te kom en dit te neem.

Amen.

# Hoofstuk 19.

*14 Januarie 2008 om 05h30*

Julle het ‘n desperate uitstorting van My, Elohim se Gees nodig! Dit sal vir julle deurlopend nuwe kennis en insigte bring oor wie My uitverkore geslag (en ook wie nie deel daarvan is nie), asook ten opsigte van waar hierdie uitverkorenes vandaan kom, wie hulle in julle dag is, en wat presies My Woord aan julle geopenbaar het aangaande My plan vir die verlossing en herstel van My uitverkorenes. As julle tot hierdie insigte kom, gaan julle juig en uitroep van blydskap en vreugde oor so ‘n groot genade!

Ek die Almagtige Jahweh, die Elohim van die Skrif, is ‘n Elohim van orde. Ek het ‘n plan vir hierdie aarde wat vas besluit is voor die grondlegging van hierdie wêreld en Ek werk volgens daardie plan. Niks ontsnap My aandag nie. Ek is altyd in beheer. Namate die Wederkoms van My Messias en die wederoprigting van alle dinge naderkom, sal Ek ook begin om My Godsplan in meer besonderhede aan My diensknegte te openbaar. Roep My aan. Ek sal jou antwoord en jou bekend maak, groot ondeurgrondelike dinge wat jy nie weet nie.

Ek het ‘n volk voor die grondlegging van die wêreld uitverkies en hulle in My geseën met alle geestelike seëninge. Ek het hulle uitverkies om heilig en sonder gebrek te wees, om My kinders te wees. Ek het hulle begenadig in My, gered, verlos en vergewe deur My bloed. My genade is oorvloedig aan hulle bewys in alle wysheid, Ek het My wil bekend gemaak, ‘n erfdeel aan hulle gegee en hulle verseël tot die dag van verlossing.

Kyk, Ek Elohim herhaal weer; My volk is Israel! En dit is hoe Ek dit oorspronklik beplan het. Die feit is dat Ek nie My volk verwerp of vervang met die kerk nie en dat Ek ‘n heerlike eind-

doel met My volk het.

Kyk by Sinai soos julle reeds gesien het, het Ek met hierdie volk in die huwelik getree. Die volk Israel beklee ‘n baie spesiale plek in My hart en plan. Hulle is die enigste volk op aarde met wie Ek ‘n ewige, onvoorwaardelike verbond het. Wie gee die kerk die reg om te sê dat Ek Israel verwerp het en hulle nie meer My volk is, of dat hulle met die kerk vervang is. Ongeag wat hulle verkeerd doen en in watter toestand hulle is, bly hulle egter My volk. Die Skrif en Woord is oor Israel geskryf, vir Israel en van Israel. Die rede waarom julle dit nie verstaan nie, is omdat julle die Skrif op alle nasies van toepassing maak.

So spreek Ek, Elohim van My uitverkore volk.

Amen.

# Hoofstuk 20.

*15 Januarie 2008 om 22h30*

Vandag spreek Ek, Elohim weer: "Die volk Israel beklee 'n baie spesiale plek in My hart en My plan." Julle is My volk, die volk wat Ek liefhet en bemin. Daar is geen manier waarop julle my toeseggings aan Israel op swart en geel en basters van toepassing kan maak nie. My volk Israel het sy wet ontvang. Israel moet My dien, My kinders wees, die hoof van die nasies wees en namens My oor die nasies regeer. Ja, die nasies kan My vrees en My diensknegte wees, maar net Israel kan My kinders wees.

My volk sal 'n wedergebore Israel wees met al die nasies van die aarde wat aan hulle onderwerp is. Soos Koning Dawid van ouds, sal sy vyande voor My die stof lek en Ek sal 'n vors wees in Israel midde en hulle sal die wêreld vol vrugte maak. Die woorde, "uitgekies, uitverkore, gekies, uitverkorenes" is almal op Israel van toepassing met betrekking tot My plan.

Sondaars kan tot bekering kom, maar hulle is sondaars uit Israel. Hulle is reeds skape of uitverkorenes wat nou reageer op die stem van My, julle Herder. 'n Skaap kan nooit 'n bok word nie en onkruid kan nooit goeie saad word nie. Wanneer Ek weer kom, gaan Ek die skaapnasies van die boknasies afskei.

Israel is My Heiliges, heilig beteken ook, apartes of afgesonderdes. Ja, Israel is My aparte volk. "Want jy is 'n volk heilig aan My, jou Elohim; jou het Ek uitverkies om uit al die volke wat op die aarde is, My eiendomsvolk te wees." En julle moet vir my heilig wees, want ek is heilig; en Ek het julle van die volke afgesonder om Myne te wees.

Mag dit wat hier gespreek en geskryf is, julle tot ootmoed stem en julle knieë laat buig voor My, julle Almagtige.

Julle is My eiendom! Julle moet terugkeer na My!

Julle moet ontwaak!

Amen.